Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Assesseringsbestuur

Verwysing: 20211103-7320
Lêerno.: 12/2/13
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuursminuut: 0020/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Riglyne omtrent kontroletoetse vir graad 10 tot 11

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het op 27 Oktober 2021 riglyne omtrent kontroletoetse vir graad 10 tot 11 in gekose vakke uitgereik.

2. Hierdie riglyne dien om skole met die implementering van kontroletoetse te lei en te ondersteun.

3. Die DBO het die dokument, ***2021 Guidelines for Controlled Tests Grades 10-11 (FET)***, verskaf wat by hierdie minuut aangeheg is.

4. As 'n skool 'n volledige eksamen wil aanbied, moet hulle die distriksdirekteur nader om goedkeuring, mits die gewigswaarde per vak sowel as die vorderings- en bevorderingsvereistes, soos bepaal deur die DBO vir 2021, nagekom word.

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers en leerders by u skool.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-11-04

Wharfplein-noord 1, Laer Loopstraat 2,
Strandgebied, Kaapstad, 8001
Tel.: +27 21 467 2407

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
Veilige Skole: 0800 45 46 47
wcedonline.westerncape.gov.za